# Inhoud

## Kwartaal 4: Week 31 tot 35

**Storie 1:**

Snip en Knip Haarsalon ........ 2



**Storie 2:**

Hiep, hiep, hoera,
ons verjaar! ............................ 13



EXTRACT PAGES

# Snip en Knip Haarsalon




EXTRACT PAGES

Lekaba en Isaac klim sing-sing uit die taxi.
Hulle is haarkappers by die Snip en Knip Haarsalon.
Dit is nog vroeg en van die winkels is nog toe.
Kliënte van die haarsalon kom al seweuur die oggend in.
Hulle is vol bespreek vir die dag.




EXTRACT PAGES

Lekaba sluit die haarsalon oop.
Teen die mure is daar pragtige foto's van mense met verskillende haarstyle.
Daar is 'n pryslys bokant die toonbank opgeplak:

| **Pryslys** | |
|---|---|
| Was en sny | R60 |
| Was, sny en blaas | R100 |
| Kleur | R250 |
| Spesiale prys vir kinders o.10 | R40 |



EXTRACT PAGES

Lekaba se eerste kliënt is hier. Sy laat elke Maandag haar hare was en droogblaas. Lekaba begin rustig mevrou Lotz se hare met sjampoe was. Sy masseer haar kop en nek.
Dan spoel sy haar hare af en draai ’n handdoek om haar kop.
Lekaba knip mevrou Lotz se dooie punte en blaas dit droog.



EXTRACT PAGES

Isaac se eerste kliënt het opgedaag.
Tannie Essie sê: "Isaac, dit is nie nodig om my hare te was nie."
Isaac spuit haar hare 'n bietjie nat.
Hy gee die houer met krullers vir haar om vas te hou.



Isaac draai 'n paar haartjies om 'n kruller en steek dit vas.
Hy steek die krullers met 'n pennetjie vas.
"Tannie Essie, kom sit vir so 20 minute onder die droër," sê Isaac.
Isaac help haar tot by die stoel en verstel die droër.
Tannie Essie lees 'n tydskrif terwyl haar hare droog word.

EXTRACT PAGES


EXTRACT PAGES

"Kan ek vir tannie Essie 'n bietjie tee skink?" vra Isaac.
"Ja, maar geen suiker nie, asseblief," sê tannie Essie.
Hy gaan kyk wie sy volgende kliënt is
By die deur wag 'n vrou en haar dogter.



"Goeiemôre, kan ons help?" vra Isaac vriendelik.
"Ja, asseblief! Shay het nete op haar kop," sê die mamma. "Moenie bekommer nie. Dit gebeur met baie kinders. Kom ek help gou vir Shay," troos Isaac.
Isaac was Shay se hare 'n paar keer met 'n spesiale sjampoe.
"Gebruik hierdie sjampoe vir die volgende paar dae," sê Isaac.
"Die probleempie verdwyn dan sommer gou-gou," sê hy.

EXTRACT PAGES



EXTRACT PAGES

Tannie Essie se hare is droog en Isaac kam dit netjies.
"Nou lyk tannie Essie weer spoggerig."
Isaac dink terug aan sy kinderdae en verlang na sy ouma.
Isaac het dikwels haar hare gekam en dan gevleg.
Isaac het van kleins af gedroom om 'n haarkapper te word.




EXTRACT PAGES

Lekaba het haar vinger per ongeluk raakgeknip.
Gelukkig is die noodhulpkissie naby.
Isaac vee die snytjie skoon, smeer salf aan en plak ’n pleister op.
Lekaba en Isaac was baie besig vandag en hulle voete pyn.
Hulle het altesaam 20 kliënte gehad!



EXTRACT PAGES

Dit is vyfuur en uiteindelik tyd om huis toe te gaan.
Lekaba draai die bordjie op die deur om van "Oop" na "Toe".
Isaac vee die hare op met 'n besem.
Lekaba ontsmet die skêre, kamme, borsels en krullers in die wasbak.
Hulle sit die handdoeke in die wasgoedmandjie.




Snip en Knip Haarsalon hou môre 'n fondsinsameling vir die Dierebeskermingsvereniging.

"Ons het môre 'n lang dag wat voorlê," sê Lekaba.

"Ons gaan moet vinnig werk, maar dis altyd lekker om diere in nood te help," sê Isaac.

"Ek belowe ek sal nie weer my vinger raak knip nie," lag Lekaba.

EXTRACT PAGES

**Vrae:**

1. Dink jy Snip en Knip Haarsalon is 'n goeie naam vir die haarsalon? Hoekom of hoekom nie?
2. Weet jy wat die dierebeskermingsvereniging is (DBV)?
3. Aan wie laat dink tannie Essie vir Isaac?